

PREEKSKETS - JOHANNES 4:1-30

Deur sy Woord wil die Heilige Gees die mens in 'n ontmoeting met die lewende Here, Jesus Christus bring. 'n Ontmoeting waar ek Christus duidelik hoor sê: ***“DIT IS EK, EK WAT MET JOU PRAAT.”***

In die gedeelte waarna ons geluister het, ontmoet Jesus 'n Samaritaanse vrou in Samaria. As daar een ding was wat in 'n Jood se oë erger was as om met 'n Samaritaan te praat, dan was dit om met 'n Samaritaanse vrou te praat. Jesus doen toe die mees ongehoorde ding. Hy vra vir haar water om te drink. Hy kyk nie na die vrou soos wat ons na haar sou kyk nie. Hy sien net 'n gebroke mens vol hartseer en sonde. Iemand vir wie Hy juis mens geword het en vir wie Hy aan die kruis gaan sterf.

Nadat Hy stadig maar seker haar vertrouwe gewen het, vra Hy: *“Gaan roep jou man en kom terug hierheen.”* Hierdie woorde van Jesus moes haar totaal en al onkant gevang het. Haar hele deurmekaar verhoudingslewe moes skielik voor haar oë verby geflits het. Daarom antwoord sy ook: *“Ek het nie 'n man nie.”*

Skierlik staan sy heeltemal ontbloot voor Hom. Sy oë kyk tot diep in haar hart. Sy kan niks vir Hom wegsteek nie. Ons hoef eintlik nie te probeer om onself in hierdie vrou se skoene te plaas nie. Ons is in haar skoene. Christus deurgrond ons harte. Hy sien alles. Al daardie geheime inskrywings in jou lewensboek wat volgens jou met onsigbare ink geskryf is, dit sien hy raak.

As ons dit besef, is ons eerste reaksie gewoonlik om te probeer wegkom uit die situasie uit. Die wonderlike nuus is: Ons hoef nie weg te hardloop as ons besef dat Jesus alles van ons weet nie, want dit is juis waarvoor Hy gekom het. God wil dat die Heilige Gees ons in die lig van die Bybel ons eie sondes aan ons uitwys, en dan wil Hy ons deur sy Gees aan die hand vat en bring by die hoogste waarheid oor ons sondes: Jesus Christus.

Die waarheid is dat die Vader vir Jesus Christus gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te betaal. Dat Hy in sy genade 'n plan gemaak het om ons uit ons nood te red. Ons aanbid God reg as ons deur die Gees en in

Christus se afgehandelde werk aan die kruis, na Hom toe gaan. As ons op sy verdienste staatmaak en nie op ons eie nie.

As die vrou al haar hoop op die Messias wat sy as Samaritaan ook verwag het, plaas, hoor sy **“Jesus sê vir haar: Dit is Ek, Ek wat met jou praat!”** Wanneer die Gees alles in plek sit dat ek in my stiltetyd, in die erediens, of by Bybelstudie voor die lewende Here te staan kom, wys Hy my op die diepste dors in my hart! Die rus en vrede waarna my onstuimige hart so verlang, is Christus!

Moet nie dat jou Bybel lees maar net nog 'n godsdienstige ritueel wees nie. Lees en bid, doen moeite, want die Gees wil jou te staan bring voor die lewende Here... Hy wil dat jy Jesus self sal hoor sê: **“Dit is Ek, Ek wat met jou praat.”**

VIR VERDERE OORDENKING IN ONTDEKGROEPE

1. Lees Ps. 139:1- 6 en oordink die gedagte: God KEN my!
2. Lees Ps. 139: 7 - 15 en oordink die gedagte: God is BY my!
3. Lees Ps. 139:16 - 18 en oordink die gedagte: God het my GEKIES!
4. Lees Ps. 139: 19 – 24 en oordink die gedagte: God bewys GENADE aan my!
5. Bespreek: Verwondering oor God bring die mens tot bekering!

Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad! Psalm 139:23–24